NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 2

14 Februarie 2019

Die kerk in die wêreld

Het predikante nog 'n rol om in die hedendaagse samelewing te speel? En wat is die kerk se rol in vandag se wêreld?

Dominee Tienie Benade is 'n middeljarige predikant van die Moedergemeente, aan die onderkant van Voortrekkerstraat. Sy gemeente se lot is dieselfde as dié van baie ander gemeentes: Kerkbanke loop leeg, die kerk se getalle is drasties aan die daal en die skuldlas groei. Daarby moet hy 'n moderne samelewing wat baie vinnig verander, trotseer.

Dominee Tienie is 'n storie van verdriet, maar ook 'n storie van hoop wat nie beskaam nie, 'n bittersoet verhaal van 'n Afrikaanse dominee in 'n tyd waarin mense nie meer so getrou kerk toe gaan nie. Die kerk soek dringend 'n antwoord op die probleem. Kitsoplossings bied uiteraard nie die antwoord nie. Daar word voortdurend allerlei nuwe kursusse en werkwinkels aangebied wat sogenaamd nuwe insigte bied vir ons tyd. Maar dit het ook nie altyd die gewenste resultate of oplossings nie. Al wat naderhand saak maak, is om ten alle koste te oorleef – wat dikwels lei tot groter agteruitgang.

Leë kerkbanke en lidmaatgetalle wat daal plaas vanselfsprekend groot druk op 'n predikant. Dominee Tienie is in 'n worsteling met homself. Sy selfvertroue kry 'n knou wanneer hy sy beroep en persoonlike lewe in oënskou neem. Dikwels probeer die dominee om die klompie lidmate wat nog oor is, gelukkig en tevrede te hou deur na almal se pype te probeer dans, dikwels ten koste van homself en soms ook sy huisgesin. Dominee Tienie bestee nie genoeg tyd aan sy vrou en tienerkinders nie. Kommunikasie is stram en sy huwelik verdor. Uitbranding is 'n gegewe wanneer 'n predikant alleen almal wil red. En dan het jy nie meer meegevoel met diegene wat dit nodig het nie – soos die boemelaar in die fliek.

Dominee Tienie is oortuig van sy roeping as predikant, maar kom uiteindelik tot die insig dat hy nie tred hou met die roeping van die kerk nie. Ons moet onthou dat *God die wêreld so liefgehad het dat Hy sy enigste Seun gegee het.* Dit is seker een van die bekendste tekste in die Bybel – só bekend, dat ons nie altyd die volle omvang daarvan begryp nie. Want met "die wêreld" word nie net die kerk bedoel nie, maar die *hele* wêreld! Hierdie harde wêreld van haat, geweld, wreedheid en swaarkry. En God se liefde is nie net leë woorde nie, nie net 'n abstrakte begrip nie: God se liefde *doen* iets: *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het…* Hy kom woon onder ons: Jesus kom *lééf* God se liefde tot die uiterste toe! *Tot die dood toe...*

Die kerk kan nie net op homself gerig wees nie. Die kerk moet ook gerig wees op die wêreld buite die kerk: 'n ongenaakbare en meedoënlose wêreld wie se noodkrete om hulp en deernis dikwels nie gehoor of raakgesien word nie.

Dáár leef die kerk.

Ds Etienne Verhage

Teken in op blitspos
Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Lief en leed

Ds Berend Greyling

- **Prof Ernest van Eck se moeder** is na ’n ernstige siekbed oorlede. Ons bid hom en sy familie die Heer se troos toe in hierdie hartseer tyd.

- **Ds Berend Greyling** van Grootfontein/Tsumeb is pas met kanker gediagnoseer en het op 12 Februarie met chemoterapie begin. Ons bid ds Berend en sy vrou, Leonie, die Heer se krag toe in hierdie moeilike tyd.

- **Ds Attie Hattingh** van Krugersdorp-Noord is in die hospitaal opgeneem weens nierstene. Ons wens hom spoedige beterskap toe.

Ds Maritza Botha
en Pierre Oosthuizen

- **Ds Maritza Botha** van Belfast/Waterval Boven het op 24 Desember verloof geraak aan Pierre Oosthuizen. Hulle trou oor die Paasnaweek in die Hervormde Kerk in Dullstroom. Baie geluk!

- Baie geluk aan **dr André en Esbé Ungerer** met die geboorte van hul tweede kleinkind, Halea Jansen, op 25 Januarie. Halea is die dogter van Francois en Merike Jansen. Dr en mev Ungerer se kleinseun, André, is in 2017 gebore.

Halea Jansen

- Baie geluk aan **mev Tessa Oppermann** van SENTIK **en haar man, Japie,** met die geboorte van hul eerste kleinkind, Michael du Plessis, op 8 Februarie. Michael is die seun van André en Mariëtte du Plessis.

- Die volgende predikante vier vanjaar **spesiale ampsjubileums**:
  25 jaar: Di Colin Hertzog; Anna-Marie Kloppers; Hein Kloppers; Danie Malan; Johann Marnewick; Frans Ras; Louw van der Linde; en dr Daan van Wyk (jr).
  50 jaar: Dr Hans Dreyer; ds Gerrie Grobler; dr Kobus Labuschagne; di Wimpie Steyn; Buks van Heerden; en dr Piet (PJ) van Staden.
  60 jaar: Ds Gert (GC) van Staden.

Michael du Plessis

- **Die volgende predikante verjaar tot 22 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**

o Donderdag 14 Februarie:	Prof PM (Pieter) Venter (emeritus), di CP (Larry) van der Walt (Oos-Londen) en EP (Eddie) Vosloo (emeritus)
o Vrydag 15 Februarie:	Di M (Maritza) Botha (Belfast/Waterval Boven) en JJ (Johan) Viljoen (beroepafwagtend)
o Sondag 17 Februarie:	Di A (Antionette) Janse van Rensburg (Montana/Kapelaan) en DJ (Danie) Struwig (emeritus)
o Maandag 18 Februarie:	Ds PS (Peet) Esterhuizen (Wonderboom) en dr P (Piet) van Staden (emeritus/Stellenbosch/Worcester)
o Dinsdag 19 Februarie:	Ds P (Petri) de Kock (Pierneef)
o Woensdag 20 Februarie:	Ds NJ (Nic) Maré (emeritus)

Ds Jan Kay

Gemeentes en bediening

- **Ds JH (Jan) Kay** (emeritus) het die beroep na Vryheid (benoeming) aanvaar.

- Die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** vind plaas op **20 Februarie** by Gemeente Philadelphia. In die lig van die 72ste AKV later in 2019 sal daar nie ’n Predikantevergadering of Inligtings- en Besprekingsvergadering na afloop van die HTK-opening plaasvind nie. Die **program** vir 20 Februarie is soos volg:
  10:00 Erediens gelei deur dr Tanya van Wyk
  10:45 Verwelkoming deur dr André Ungerer
  11:00 Dr Wim Dreyer oor *Marginalia* by die teologie van prof Natie van Wyk
  11:45 Oorhandiging van feesbundels deur prof Yolanda Dreyer
  12:00 Repliek deur prof Natie van Wyk
  12:30 Verversings en saamkuier
  13:30 Ete vir prof Natie van Wyk en genooide gaste

- Gemeentes en predikante wat nie die **omsendbriewe** van die Sinodale Dienssentrum ontvang nie, kan met mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za** in verbinding tree. Gedurende 2018 is Omsendbriewe 1 tot 27 uitgestuur; vanjaar is reeds twee omsendbriewe versend.

- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)** moet asseblief kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by **njssteenekamp@gmail.com** of 073 279 3315. Vervoerkoste en ’n honorarium word betaal.

- Leraar(s) word benodig vir **preekbeurte** vir die vakante gemeente **Sonlandpark, Vereeniging,** totdat ’n beroepsproses vir ’n permanente leraar voltooi is. Kontak die skriba, Annatjie Badenhorst, by **sonlandnhk@gmail.com**.

- Leraar(s) word benodig vir **preekbeurte** vir die vakante gemeente **Messina**. Predikante van die Kerk wat in Tshipise vakansie hou, kan die skriba, mnr Johan Louw, kontak by 072 485 5617. Gemeentes wat video-opnames van hul eredienste maak, kan gerus ook met mnr Louw in verbinding tree.

Vergaderings

- Donderdag 14 Februarie: Rata Finkom
  Pensioenvergaderings
  ADV Dagbestuur
- Vrydag 15 Februarie: Raad van Finansies
- Woensdag 20 Februarie: HTK-opening
- Donderdag 21 Februarie: Rata Bestuurswerkwinkel
  Werkwinkel: Raad vir SENTIK
- Saterdag 23 Februarie: NHSV Hoofbestuur

Ringsvergaderings 2019

RING	VERGADERPLEK	DATUMS
BLOEMFONTEIN	Bloemfontein	12 en 13 April
BOTHAVILLE	Bothaville	1 en 2 Maart
BRAKPAN	Brakpan-Harmonie	12 Mei
BRONKHORSTSPRUIT	Bronkhorstspruit	13 April
CHRISSIESMEER	Hendrina	4 Mei
DORSLAND	Gobabis	12 en 13 April
GERMISTON	Parkrand	28 April
HEIDELBERG	Standerton	27 April
HEILBRON	Heilbron	27 April
JOHANNESBURG	Eikenhof	11 Mei
KLERKSDORP	Hartbeesfontein	5 Mei
KROKODILRIVIER	Schoemansdal	13 Mei
KRUGERSDORP	Krugersdorp	18 Mei
LAEVELD	Kampersrus	7 April
LOSBERG	Wonderfontein	13 April
LYDENBURG	Sabie	11 Mei
MAQUASSI	Delareyville	12 Mei
MIDDELBURG	Dullstroom	11 Mei
NOORDELIKE NATAL	Glencoe	6 April
NOORD-KAAPLAND	Christiana	11 Mei
OOS-KAAPLAND	Oos-Londen	4 Mei
PIETERMARITZBURG	Richardsbaai	6 April
POTCHEFSTROOM	Potchefstroom-Noord	5 en 6 Mei
POTGIETERSRUS	Ebenhaëzer	12 Mei
NOORDELIKE PRETORIA	Wonderboom	13 April
PRETORIA		
PRETORIA-NOORD		
PRETORIA-WES	Verwoerdburg	12 Mei
ROODEPOORT	El-Flora	28 April
RUSTENBURG	Rustenburg-Tuine	5 Mei
SWELLENDAM	Mosselbaai	11 Mei
TRICHARDTSFONTEIN	Secunda	7 April
VEREENIGING	Meyerton-Suid	5 Mei
WATERBERG	Waterberg	3 April
WES-KAAPLAND	Worcester	11 Mei 2019
ZEERUST	Gerdau	13 April
ZOUTPANSBERG	Zoutpansberg	7 Mei
ZUURFONTEIN	Kempton Park-Oos	9 Mei

’n Gedig

Moment

Oor liefde was daar tussen ons geen woord.
Ons het die stil vaart van die gondelmaan
gevolg deur bronkors, fluitjiesriet, en klip
en huiwerend gepraat oor kom en gaan,
oor wat omskans is en wat bakenloos
beweeg, planetevaart, en Ikabod,
oor wêrelde wat dalk seisoenloos is,
soos kinders, stemmig in gesprek oor God
die Naam omseil. Dat Hy die stil proses
in dinge is. En oor gedagtenis
wat tyderosie troef.
Hoe kon ons praat
oor iets wat groter dan ons woorde is?

Vincent van der Westhuizen
(Uit: *Man sonder hande*, 1960)

Toerusting

- **Woestynroosreeks: Vrouegroeigroepe**
  Begin Saterdag 16 Februarie 14:00-16:00
  Temas sluit in: My identiteit in Christus;
  kommunikasie en konflikhantering volgens Bybelse beginsels;
  gesonde verhoudings
  Leriba Lodge
  R250 per sessie (sluit materiaal en versnaperinge in)
  Bespreek by **ihl@esterhuizenconsulting.co.za**
  info@esterhuizenconsulting.co.za

- **Bybelvoorspraakkonferensie: Bring die Bybel terug**
  19-20 Februarie 09:00-16:00
  Universiteit van Stellenbosch
  R250 (middagete, verversings en drinkgoed ingesluit)
  Sprekers sluit in proff Jonathan Jansen, Julie Claassens en dr Leon Klein
  Met predikante, vrouegroepe en jeugorganisasies
  Navrae **jonas@biblesociety.co.za**

- Alle **predikante in Pretoria** en veral predikante in gemeentes van alvier die ringe in die Pretoria-gebied word genooi om ’n ***Oopgespreksgeleentheid*** by te woon op **Donderdag 21 Februarie**. Navorsing toon dat Pretoria ’n groei-area is vir Afrikaanse gesinne, en ons wil graag besin oor die bediening van die Kerk in die volgende vyf jaar in en om Pretoria sodat ons gereed kan wees om hierdie potensiële lidmate in die Kerk te kan opneem. Ons wil ook gesels oor hoe gemeentes wat tans swaarkry, gehelp kan word met hul bediening.
  DATUM: 21 Februarie 2019
  TYD: 08:30 vir 09:00
  PLEK: Eksterne kampterrein (25 km noord van Gemeente Montana-Oos op die Moloto-pad)
  KOSTE: R80 (sluit ’n ontbyt en middagete in)
  KONTAK: Frikkie van Wyk 083 625 6788 / **gfvanwyk@nhk.co.za**

- **Akademiese wydingsdiens: Fakulteit Teologie en Religie, UP**
  Vrydag 22 Februarie 10:00 tot 11:30
  Musaion, Hatfield-kampus
  Diens gelei deur prof Jerry Pillay, dekaan
  Verversings na die opening
  RSVP by Thanyani Mahanya
  thanyani.mahanya@up.ac.za / 012 420 3155

- **Gemeente Randburg: Werkwinkel oor Bybelse opvoeding**
  Raise up a child
  Vrydag 8 Maart 19:00-21:00
  Hervat Saterdag 9 Maart 09:00-15:30
  R350 per paar (peuselhappies Saterdag ingesluit)
  Bevestig voor 2 Maart vir voorbereidings en die aankoop van leermateriaal
  Dui aan of u 'n kinderoppasser wil gebruik
  Kontak Roy McEwan by 083 687 4512
  roy@6thsensesecurity.co.za

- **Polsslag van die jeug.** Dit is nie altyd so maklik om die harte van die Kerk se jongmense te peil en te verstaan nie. Die **Kernkomitee vir Gemeentelike Bediening** het tydens 'n gesprek op 28 Januarie besluit om 'n bosberaad te reël waartydens in diepte oor die hartklop of polsslag van ons jeug besin sal word. Die bedoeling is om werklik buite die normale grense van jeugbediening te beweeg. Die gevolgtrekkings wat gemaak word en navorsing wat daaroor gedoen word, sal ter gelegener tyd met die Kerk gedeel word. Dit is ook 'n goeie geleentheid om suksesverhale met mekaar te deel. Die **Bosberaad** sal **van Dinsdag 30 April vanaf 17:00 tot Woensdag 1 Mei 17:00** by **Venterskroon-kampterrein** plaasvind. Daar is reeds 'n paar jong predikante, jeugleiers en ander kundiges betrek om hierby betrokke te wees. Ons versoek veral dinamiese en kreatief denkende jongmense en jeugleiers om saam met ons te kom kuier. Indien u belangstel om die Bosberaad by te woon, kontak David Barnard by 083 4411 789 of stuur 'n e-pos na **davidbarnard@mweb.co.za**.

Barmhartigheid

- **Beeld-Kinderfonds: Valentynsdinee en -dans**
  Vrydag 15 Februarie by Union Caterers Utopia Place
  Met Nadine en Nianell
  R550 per persoon
  Tafels beskikbaar vir 8, 10 en 12 persone
  Navrae aan Adrie van Staden by **info@beeldkinderfonds.co.za**

- **Woonstel en kamers vir selfversorgende bejaardes** beskikbaar by **Machteld Postmus, Mackenziestraat, Brooklyn.** Johannes Postmus het tans 'n lieflike eenslaapkamerwoonstel beskikbaar om te huur teen R5 520 per maand, wat water insluit (elektrisiteit uitgesluit). Riekie Boshoff het tans 2 enkelkamers beskikbaar met gedeelde geriewe vir slegs R2 290 (sluit water en elektrisiteit in). Die kompleks beskik oor sekuriteit, en ondersteunende dienste en gereelde aktiwiteite word aangebied. Vir meer besonderhede, kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Annie Schilz in Riviera, Pretoria,** is 'n woonstelblok vir afgetrede persone. Hierdie kompleks is geleë op die gronde van die versorgingsoord Ons Tuis Riviera en die Seniorstuis-dienssentrum, waar verskeie sosiale programme aangebied word. Daar is tans **drie huurwoonsteleenhede** beskikbaar teen R3 485 per maand (krag uitgesluit). Kontak mev Ilse Malan by 012 329 3707 vir meer inligting.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

Kerklike publikasies

- Die **Maart 2019-uitgawe van *Konteks*** sal die laaste wees van ons gesinstydskrif wat die afgelope bykans 30 jaar aan lidmate groot vreugde en inspirasie gebring het. Gemeentes moet mev Sarie Roux asseblief dringend by 012 322 8885 x3025 of **sentik@nhk.co.za** laat weet of hulle ekstra eksemplare van dié geskiedkundige uitgawe wil ontvang.

- Die publikasie ***My eerste lees-en-leer Bybel*** word nie meer gedruk nie en is ook nie meer by SENTIK se boekwinkel beskikbaar nie.

- ***blitspos@nhk*** word na verspreiding op die Kerk se webblad geplaas, by **www.nhka.org**. Indien u om watter rede ook al ’n uitgawe van die nuusbrief nie by u e-posadres ontvang het nie, kan u dit op die webblad lees.

’n Langerige allegaartjie

In die kleintyd, daaroor is sielkundiges, opvoedkundiges en neuroloë dit eens, vorm ’n kind sy wêreldbeeld en beskouing – en redelik permanent. In alle kulture is dit die tyd wanneer hulle stories vertel word deur die mense naaste aan hulle, wat hulle vertrou en lief het. Stories wat diep lewenslesse en riglyne bevat wat nooit uitgewis word nie... Ek dink ’n groot deel van die wêreld se morele verval kom daarvan dat ons nie meer die wysheid van ons kulturele “meme”, waarop ons beskaafdheid grond, deur sprokies aan ons kinders oordra nie. Ek het in my kleintyd gehoor van Siegfried en Diedrich von Bern en ander ridders en die edelheid en plig van ridderlikheid kon ek nooit weer heeltemal afskud nie. Ek het gehoor van prinsesse en wyse vroue en kon lewenslank ’n vrou nooit weer heeltemal minag nie – laat staan slaan. Vertel jul kinders die wysheid van sprokies terwyl hulle nog vatbaar is vir morele waardes – alles van die oorlog van Troje tot jakkals en wolf. Ons het dit nodig. (Erik Holm, in *Beeld*, 12 Februarie 2019)

Fondsinsamelings

- **Gemeente Kaapstad: Vrydag 1 Maart vanaf 16:00**
  Kosfees op Melkbosstrand
  Robbenweg oorkant die Melkboskliniek
  Heerlike Kaapse kerrie-en-rys, pannekoek, afval, vetkoeke
  Koektafel, bobotie, nagereg
  Hollandse tafel met krokette, koffie en tee, en vele meer
  Navrae: Gert Viljoen 076 286 3281

- **Om die berg vir Bybels.** Fietsryers wat nog ’n inskrywing soek vir die **2019 Kaapstad-fietstoer van Sondag 10 Maart** kan deel word van die **Bybelgenootskap (BSA) se Trap vir Bybels-span**. Die BSA het vanjaar meer (40) plekke beskikbaar, maar omtrent die helfte daarvan is reeds geneem. Ryers kan kies tussen vier pakkette wat strek van R1 300 tot R2 300 en wat ’n donasie aan die BSA insluit. Hierdie donasies is ter ondersteuning van die BSA se Bybel vir Armes-projek. Daar sal ook weer ’n BSA-stalletjie by die Kaapstad Fietstoerekspo wees waar ryers die fietsrytruie en geskenkpakkies wat by hul onderskeie

inskrywings ingesluit is, kan afhaal. Die Trap vir Bybels-fietsrytrui blyk gewild te wees onder fietsryers; hierdie truie sal ook by die stalletjie te koop aangebied word. Vir meer inligting oor hoe om deel te word van die Trap vir Bybels-span, kontak Corné Basson by 021 910 8788 of **basson@biblesociety.co.za**.

- **Noordwestelike Pretoria: Warmhartigheidsgholfdag**
  Woensdag 10 April by Zwartkop-gholfbaan
  Early Bird Special voor 1 April:
  R1 760 per 4-bal of R440 per speler
  Normale prys R1 960 per 4-bal of R490 per speler
  Navrae en inskrywings Johanna 082 928 5592
  Stephen 074 658 4630
  James 083 679 6633

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). **(Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

O Here, wat sal U tog doen
om die verskriklike hardheid van ons harte te oorwin?
Here, gee ons tog nuwe harte, teer harte, sensitiewe harte
om die harte van marmer en brons in ons te vervang.
Gee ons tog u hart, Jesus.
Plaas u hart diep in die middel van ons harte
en laat ontvlam in elke hart 'n vlam van liefde so sterk,
so groot soos die som van al die redes wat ek het
om U lief te hê, my Here.
O heilige hart van Jesus, leef diep in my hart
sodat ek alleen in U en vir U sal leef,
sodat, uiteindelik, ek ewig saam met U
in die hemel sal leef.

Claude de la Colombiere (1641-1682)
(Vertaal deur ds Etienne Fourie)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel